CAPE WEST COAST Swartland Tourism

Nuusbrief Oktober 2010

Toerismegroete aan almal van julle!

Ons is verheug om aan te kondig dat Kaapse Weskus Swartland Toerisme streek twee toekennings by die Toerisme Toekenningsfunksie verower het. Hierdie gesogte toekennings geleentheid het by die Riviera Hotel in Velddrif plaasgevind, en Calvyn Gillfellan (CEO van Cape Town Routes Unlimited) was die gasspreker.

Ons wil dan die volgende KWSTV lede hartlik gelukwens met die groot prestasie, en hulle ook dank vir al hulle entoesiasme rakende Toerisme in die streek. Tweekuylen Bewarea Agri-Toerisme Roete het tweede plek ontvang in die Opkomende Toerisme kategorie, en Riebeek Vallei Olyffees het die eerste plek ontvang in die Toerisme Gebeurtenis kategorie.

Baie geluk!

BEAMPTE OPLEIDING UITSTAPPIE NA MOORREESBURG EN KORINGBERG

Beamptes vanoor die Swartland area het die 13de Augustus hulle laaste opvoedkundige uitstappie gehad. Nie net het die lede van die twee dorpe baie moeite gedoen om hierdie beamptes welkom te heet nie, maar Oom Pagel van Koringberg het staaltjies vanuit sy kinderdae met die beamptes gedeel. Tannie Marta het ook vir die beamptes in die ou yster smid museum ingeneem agter die poskantoor geboutjie (die kleinste poskantoor in die Weskus streek).

Oom Pagel het in Koringberg grootgeword en ook daar skool gegaan toe daar nog 'n skool was. As enige iemand iets van Koringberg, die omringende area, koring boerdery, die renosterbosveld, asook die voël en plant spesies van die area wil weet, is Oom Pagel die man om te ken.



'n Spesiale dankie gaan aan Caren Serdyn van Club Elani wat die heerlike verversings saam met koffie en tee voorsien het, en aan Die Hut Restaurant wat 'ma se lekker kookkos' met tradisionele poeding aan die beamptes voorgesit het vir middagete.

Besoek ons Facebook bladsy om een van die stories wat Oom Pagel met die beamptes gedeel het, te besigtig.

BOLANDSE LANDBOUVETERANE-EXPO

Die veterane-expo wat op 6 & 7 Augustus op Moorreesburg plaasgevind is, was 'n sprekende voorbeeld van die stand van bewaring van landbou-veterane. Spesiale fokus was op die koringboerdery van weleer – van die voorbereiding van die grond tot dors, en selfs broodbak. Die trekkers en implemente vir dié bedryf was in 'n spesiale afdeling uitgestal en daar is ook demonstrasies gedoen.

DARLING VOORKAMER FEES

Die Voorkamer Fees wat die naweek van die 3de tot die 5de September by Evita se Perron plaasgevind het was soos oudergewoonte 'n reuse sukses met al die kaartjies lank voor die tyd uitverkoop. Hierdie unieke kultuur ondervinding is 'n gemeng van teater genres vir elkeen se smaak.

DARLING ORGIDIEË EN VELDBLOMME SKOU

Die jaarlikse blomme skoue in Darling het hierdie jaar op die naweek van die 17de September plaasgevind. Die Orgidieë Skou het reeds op die 16de September begin. Beide hierde skoue het die hele naweek tot en met die 19de September voortgeduur. Die Kaapse Weskus Swartland Toerisme Vereniging het ook 'n stalletjie by die Veldblomme Skou gehad. Vrydag was baie besig met meer as 1200 bejaardes wat die skou besoek het.

Dankie aan WM Duckitt vir die blomme foto's (bo in hierdie uitgawe).

CAPE WEST COAST Swartland Tourism

Nuusbrief Oktober 2010

SWARTLAND SKOU

Moorreesburg se Landbou Skou het die 8ste tot die 11de September plaasgevind. Swartland Skou is een van die grootste Landbouskoue in Wes- en Suidkaap met 'n besoekers getal van 10 000 plus, en hierdie jaar was geen uitsondering nie.



Met aktiwiteite vir allle ouderdomme, asook optredes en heerlike etes, was die Swartland Skou weer hierdie jaar een van die hoogtepunte in die Swartland area. Moorreesburg en Koringberg Toerisme Organisasie het ook 'n stalletjie by die skou gehad.

GEBEURTENISSE IN OKTOBER EN NOVEMBER 2010

Die baie populêre **Riebeek Vallei se Shiraz en Kuns Fees** vind hierdie naweek, **Saterdag die 2de en Sondag, die 3de Oktober** plaas. Hierdie intieme en smaakvolle naweek het vanaf 2005 wyn, kuns en kos liefhebbers na die Vallei gelok. Saam met die gewone uitstallings van kwaliteit kunswerke, beeldhouwerk, en fotografie wat by die wynkelders, restaurante en gallerye te siene is, is daar hierdie jaar ook optredes deur plaaslike kunstenaars. Op die spyskaart is 20 verskillende optredes van sang, dans, musiek, poësie, drama en storie vertel. Vyf bekende roetes (elkeen genoem namens 'n bekende kelder in die Vallei) is spesifiek uiteengesit sodat die besoeker / toeskouer een van die kelders se wyne kan proe soos wat hy/sy tussen die optredes rondbeweeg. Ontdek die ongelooflike kunswerke deur die plaaslike wynmakers van die Vallei: Riebeek Cellars, Kloovenburg, Allesverloren, Pulpit Rock, Meerhof, Mullineux Family Wines, en Roundstone.

Rocking the Daisies Musiek Fees sal die naweek van die **8ste, 9de en 10de Oktober** plaasvind.

Die Molfees en Malmesbury Skou sit vanjaar koppe bymekaar en wil sorg dat dit beslis 'n naweek is wat u nou moet bespreek. Die **Malmesbury Molfees** word tydens die skou, op die sportgronde gehou op die **8ste en 9de Oktober**.

Malmesbury Skou wat **vanaf die 7de Oktober** sal plaasvind, bied iets van alles vir die perdeliefhebber, verskeie diere sal daar te sien wees. Heerlike Swartland-kosse word aangebied, veral die **Vrydagaand** se **Steak-ete** is 'n wenner. Die skou word plaaslik op die skougronde in Malmesbury aangebied.

Vriendelike Swartland Groete,

Wilna Liebenberg
Streekstoerisme-beampte

Dankie aan WM Duckitt vir die blomme foto's (bo in hierdie uitgawe).